basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2012

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 'n Voorbeeld van 'n Hindoe-hervormingsbeweging is (Arya Samaj/ Maha Sabha/Rig Veda/joga). (2)

1.1.2 Die oudste vertakking van Boeddhisme is (Judaïsme/Theravada/ Aka/Mahayana). (2)

1.1.3 Die mondelinge komponent van die Tora word die (Talmoed/ Mashiach/Mitzvot/Genesis) genoem. (2)

1.1.4 Die stigter van die Baha'i-geloof was (Mahabharata/ Baha'u'llah/Abdu'l-Baha/Dalai Lama). (2)

1.1.5 Die heiligdom van Karbala is in (Irak/Iran/Indië/Israel). (2)

1.2 Verduidelik, in TWEE sinne, elk van die volgende begrippe in die konteks van godsdiens:

1.2.1 Eenheid (4)

1.2.2 Fundamentalisme (4)

1.2.3 Uniekheid (4)

1.2.4 Vergelykbaarheid (4)

1.2.5 Reïnkarnasie (4)

1.3 Kies uit elke groep woorde hieronder die woord wat NIE pas NIE. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

VOORBEELD: piesang; appel; aartappel; druiwe

ANTWOORD: 1.3.6 aartappel

1.3.1 Charles Darwin; Shoghi Effendi; Copernicus; Kepler (2)

1.3.2 Ubuntu; voorvaders; verassing; Modimo (2)

1.3.3 Brahma; Vishnu; Nirvana; Shiva (2)

1.3.4 Abraham; Baha'u'llah; Moses; Jesus (2)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.4.1 Sinkretisme is die wetenskap van die interpretasie van tekste. (4)

1.4.2 'n Sjamaan is 'n opperwese, die Skepper in Afrika Tradisionele Godsdiens. (4)

1.4.3 Hindoeïsme bestaan uit die volgende skole: Saïvisme, Vaïshnavisme, Vajrayana en Smartas. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Bespreek die uniekheid van:

2.1.1 Afrika Tradisionele Godsdiens (10)

2.1.2 Judaïsme (10)

2.2 Bespreek kortliks die interne verskille tussen die *Shi'a*- en *Sunni*-vertakkings van Islam onder die volgende opskrifte:

. 2.2.1 Godsdienstige leringe (10)

2.2.2 Godsdienstige praktyke (10)

2.3 Bespreek die ooreenkomste tussen die volgende TWEE Oosterse godsdienste:

Hindoeïsme en Boeddhisme (10)
**[50]**

## VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die verlore seun is 'n bekende Christelike gelykenis. 'n Seun wat gesondig het kom terug huis toe en word jubelend deur sy gesin, veral sy pa, verwelkom. Die les van hierdie gelykenis is dat Jesus bly is oor die terugkeer (bekering) van 'n sondaar.
>
> [Vertaal uit *Shuters: Religion Studies, Grade 12*, bl. 12–13]

3.1 Noem TWEE rolle wat gelykenisse in godsdiens speel. (4)

3.2 Noem 'n gelykenis (behalwe 'Die Verlore Seun') uit enige godsdiens en verduidelik die betekenis daarvan. (8)

3.3 Noem VYF eienskappe van 'n godsdienstige doktrine. (10)

3.4 Verduidelik kortliks die begrip *mites* soos dit op godsdiens van toepassing is. (10)

3.5 Noem VYF eienskappe van enige EEN van die volgende sekulêre wêreldbeskouings:

- Kommunisme
- Ateïsme
- Sekulêre humanisme
- Agnostisisme

(10)

3.6 Noem VIER oortuigings wat deur die Abrahamitiese gelowe gedeel word. (8)

**[50]**

**VRAAG 4**

Lees die TWEE uittreksels hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KONFLIK IN SUDAN SE DARFOER-STREEK**

Die sneller vir die konflik in 1983 was die sentrale regering se poging om 'n regstelsel in te stel in 'n gebied van die land wat nie Islamities was nie. Met ander woorde, jy kan sê dat godsdiens deel van die probleem was.

[Aangepas uit *Shuters: Religion Studies Grade 12,* bl. 202.]

**GRENSLYN VERDEEL SOEDAN**

Indien die noord-suid-konflik nie gestop word nie, kan dit in 'n volskaalse oorlog ontaard waarin daar geen wenners sal wees nie, skryf Terence McNamee.

Deur Soedan met 'n noord-suid-grenslyn te verdeel is daar gehoop dat baie van die konflik wat tradisioneel noordelike burgers teen suidelike burgers te staan laat kom het, sou ophou. Die Suide se ekonomie sou ook na verwagting uiteindelik uit die agteruitgang van die afgelope jare kon kom.

Soedan en Suid-Soedan is vasgevang in verskeie toenemend ernstige botsings oor olie, sekuriteit en grense wat dreig om in 'n volskaalse oorlog te ontvlam. Verlede week het Juba (hoofstad van Suid-Soedan) Kartoem daarvan beskuldig dat hulle gebiede in Bahr el Gazal, Unity en die Bo-Nyl-state gebombardeer het. Kartoem beskuldig Juba daarvan dat hy die olievelde by Heglig in Soedan se Suidelike Kordofan-staat, wat in April deur die Suid-Soedannese weermag beset is, vernietig het.

Konflik tussen verskillende etniese groepe oor toegang tot waterbronne en weiding vir beeste vind al eeue lank plaas, maar net in die tweede helfte van 2011 is duisende dood in gevegte in Suid-Soedan se Jonglei-staat. In een insident is 600 etniese Lou Nuer deur vegters van die naburige Murle-gemeenskap vermoor.

[Aangepas uit *The Times*, 15 Mei 2012]

4.1 Daar is tot onlangs geargumenteer dat die konflik in Soedan 'n godsdienstige oorlog is. Stem jy saam? Gee redes vir jou antwoord. (14)

4.2. Watter maatreëls het Suid-Afrika getref om godsdienstige harmonie aan te moedig? (8)

4.3 Veronderstel dat jou skool multigodsdienstig en veelrassig is. As voorsitter van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL), watter maatreëls sal jy tref vir godsdienstige harmonie by jou skool? (8)

4.4 Onderskei tussen *godsdienstige vryheid* en *godsdienstige verdraagsaamheid*. (4)

4.5 Vir elk van die volgende godsdienste, bespreek kortliks die leringe wat menseregte bevorder:

4.5.1 Boeddhisme (4)

4.5.2 Christelike geloof (4)

4.5.3 Islam (4)

4.5.4 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)
**[50]**

## VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

In verskeie onlangse studies oor godsdienstige dekking in die media is gevind dat dekking oor die afgelope dekade baie toegeneem het. Die dekking was egter baie negatief en het hoofsaaklik op die volgende gefokus:

- Die politieke elemente van godsdienstige idees en instellings. Hierdie aspek het die meeste dekking ontvang.
- Ander kwessies soos die stryd van vroue en minderheidsgroepe
- Kwessies oor seksuele moraliteit

[Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn et al, bl. 220–221]

5.1 Dink jy die media gee regverdige dekking van godsdienstige sake? (2)

5.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 5.1. Sluit EEN voorbeeld in om jou antwoord te ondersteun. (10)

5.3 Waarom, dink jy, het mediadekking van godsdienstige sake skerp in die afgelope jare gestyg? (10)

5.4 Bespreek EEN voorbeeld uit die media wat na politieke elemente van godsdiens verwys. (10)

5.5 Bespreek EEN voorbeeld uit die media wat na kwessies oor seksuele moraliteit en godsdiens verwys. (10)

5.6 Bespreek EEN voorbeeld uit die media wat verwys na kwessies wat vroue (of minderheidsgroepe) en godsdiens insluit. (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou